

# Q&A

## Shelach Lecha

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Num 13:1 – Num 15:41
**Haftarah:** Jos 2:1-24
**B'rit Hadashah:** Hebrews 3:7- 4:3; Mat 10:1-14

1. Watter karakter in hierdie week se gedeeltes identifiseer jy die meeste mee — en hoekom? (Num 13-15, Jos 2, Heb 3:7-4:3, Mat 10:1-14)
2. Wat sê Kaleb presies om die volk stil te maak, en wat openbaar dit oor sy karakter?
3. Waarom het die verkenners hulleself as 'springkane' gesien, en wat sê dit oor hul geestelike toestand?
4. Watter teksvers in Numeri 13 bring die geestelike stryd tussen geloof en ongeloof duidelik na vore?
5. Wat was die volk se reaksie op die verslag van die tien verspieders? (Num 14:1-4)
6. Hoe moedig Josua en Kaleb die volk aan?
7. Wat leer ons uit die beskrywing dat Kaleb 'n ander gees gehad het?
8. Wat het gebeur met die tien verspieders wat 'n slegte verslag gebring het?
9. Wat leer ons uit Israel se eie poging om later die land sonder Abba in te neem?
10. Hoe word in Numerie 15 onderskei tussen foute wat toevallig gebeur en sondes wat doelbewus gepleeg word?

12. Waarom het Abba beveel dat daar klossies aan die klere geheg moes word, en wat beteken die blou draad?

11. Waarom moes die man wat hout op die Sabbat optel, sterf?

13. Wat was die rede dat Ragab die Israelitiese spioene beskerm het?

14. Hoe kan Ragab se geloof as voorbeeld dien vir ons vandag?

15. Wat simboliseer die rooi tou wat Ragab moes ophang?

16. Wat beteken dit om jou hart te verhard wanneer jy Abba se stem hoor?

17. Wat word dissipels van Yeshua vandag beveel om te doen volgens Hebreërs 3:12-13?

18. Wat is volgens Hebreërs 4:2 nodig sodat die Woord vir mense van nut kan wees?

19. Wat dink jy beteken dit om deel te hê aan Yeshua volgens Hebreërs 3:14?

20. Watter een van hierdie vier gedeeltes spreek die meeste tot jou eie lewe — en watter stap van gehoorsaamheid vra Abba vandag van jou? (Num 13-15, Jos 2, Heb 3:7-4:3, Mat 10:1-14)